Oordenking
10 Desember 2008

Hou wag saam met Simeon

Simeon was ‘n bejaarde man toe Jesus gebore is. Elke dag het hy na die tempel toe gegaan om te bid vir die koms van die Messias. God het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterf voordat hy die Christus gesien het nie. (Lk 2:26.) Ons lees dat hy "gewag het op die verlossing van Israel." Simeon het die Ou Testamentiese profesieë geken. Hy was ‘n gelowige wat gewag het op die beloftes van God en vasgehou het aan God se Woord.

As ‘n regverdige, godvresende man het Simeon gewag, ja wag gehou en dopgehou wanneer die profesieë sou plaasvind. Dié deel in Lukas 2 laat mens dink aan die wagters in die antieke tyd. Wanner iets of iemand besonders verwag is, is ‘n wagter aangestel wat op ‘n hoë plek sou staan en dag en nag sou dophou wanneer die verwagte persoon of geleentheid aanbreek. As dit gebeur, dan kondig hy dit aan en word dan vrygestel van sy taak.

Simeon was so ‘n wagter. Hy het gewag en hy het wag gehou en gebid dat die Messias moet kom.

Dan eendag sê die Heilige Gees vir hom dat hy na die tempel toe moet gaan om die Christus te sien. Hy was seker baie opgewonde! Jy kan maar glo dat hy so vinnig as sy twee ou bene hom kon dra hom na die tempel toe gehaas het. Sy wagtyd van ure, dae en jare was byna verby. Uiteindelik kon hy uitroep dat die verlossing vir Israel aangebreek het, dat die Koninkryk van God en die vryheid van Jerusalem gekom het.



Toe hy die tempel binnegaan sien hy vir Josef, Maria en Jesus. Hy het dadelik geweet dat Jesus die Messias was waarop hy sy lewe lank gewag het en voor gebid het. Hy het sy arms na die Kind toe uitgesteek, hom vasgehou en gesê:
Lk 2: 28 - 32: "Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, omdat my oë u verlossing gesien het wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel."

Feitlik al die Israeliete het op die geboorte gewag. Maar toe die Messias uiteindelik kom, het net ‘n klein klompie Hom erken vir wie Hy was. Anna, Simeon, die skaapwagters en miskien ‘n paar ander het die Jesuskind as die Christus bely.
Daar is baie mense wat op Jesus wag en pleit vir vrede, vreugde en verlossing, maar as hy na hulle toe kom, dan herken hulle Hom nie!

Simeon was ‘n getroue wagter. Vir baie jare het hy wag gestaan en gebid dat Emmanuel moes kom. Nou was sy wagtyd verby. Dis sy voorreg om uit te roep en aan te kondig dat die verwagte Messias, die Christus, gekom het. Hy kan nou maar van sy taak onthef word. Sy werk is klaar. Hy kan in vrede sterf.

Kan jy dit sê? Gaan jy eendag in vrede sterf? Nie een van ons sal in vrede kan gaan, as ons nie die Verlosser ontmoet het nie. Ek vra weer: Het jy al die Verlosser ontmoet? Het jy al die Christuskind gesien vir wie Hy werklik is?

Ons leer ‘n belangrike les van Simeon, die wagter. Die Redder het alreeds gekom, maar Hy kom eendag weer! Daarom moet ons ook soos Simeon uitsien na sy koms en daarvoor bid met groot afwagting en verlange.

Dis nie genoeg om net die Christuskind te herken nie. Soos Simeon moet ons ons arms, ons lewe en ons harte vir Hom oopmaak en Hom ontvang. Om in vrede te gaan, om in vrede te sterf, om eendag met eer ontslag te kry van ons aardse taak, is dit nodig dat ons vashou aan die beloftes van God en aan die Woord van God. Ons moet ook getroue wagters wees wat wag op die Here. Wat wag op sy wederkoms!

Ons hou saam met Simeon en die gelowiges van elke eeu wag, want Jesus kom!
Mag ons Hom herken as Hy by die deur van ons lewe staan en klop, gereed om in te kom en met groot vreugde altyd by ons te bly.

En as Hy kom op die wolke, of voor die tyd kom om ons te kom haal, mag ons in vrede en met vreugde saam met Hom gaan!
Kom Here Jesus! Kom haastig, Heer!!